

Gereformeerde Kerk Bellville – 18 Maart 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 106:1, 6 (p. 523)

- 1 Geloofd sy God, die ewige HEER! / Gee aan Hom vrolik roem en eer!
Sy goedheid ken geen pale of perke, / geen maat of tyd. Maar wie is hy
wat uit kan spreek sy grote werke, sy lof kan uitsing na waardy?
- 6 Gou het hul weer sy werk verag / en op sy voorsorg nie gewag.
Toe vraatsug hul al haas verteer het, / nog erger in die hongeruur,
het Hy gegee wat hul begeer het, / maar maerte in hul siel gestuur.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 149:1, 2 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!
- 2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslae!
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehae.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 65:2, 3 (p. 314)

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;
maar al ons ongeregthede / word deur U uitgewis.
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.
- 3 Ons al ons in u huis versadig / met hoogste gunsbewys:
met heil'ge goed wat U milddadig / laat stroom uit u paleis.
U antwoord ons in reddingsdade: / gedug is U in mag
Ons prys die blyk van u genade; / die vyand toon ontsag.

Gebed

Psalm 127:1, 2 (p. 624)

- 1 Laat bouers bou al wat hul kan – / vergeefs is alles wat hul bou,
as God sy hand daaraan onthou. / Vergeefs, o wagte, waak jul dan,
as God jul nie wil gadeslaan, / sy oog nie oor die stadswal gaan.
- 2 Vergeefs om voordag op te staan, / vergeefs die werk-uur lank gemeet
en brood van smart met smart geëet, / nadat die dag al is gedaan.
God gee, hoe ander ook mag raap, / dit sy bemindes in die slaap.

Skriflesing: Haggai 2:10-19

Kernverse: Haggai 2:18-19

Merk tog op, van hierdie dag af terug, van die vier en twintigste dag van die negende maand, naamlik van die dag af toe hulle die fondament van die tempel van die HERE gelê het; merk op: Is daar nog saad in die skuur? Ja, selfs die wingerdstok en die vyeboom en die granaatboom en die olyfboom het niks opgelewer nie. Van hierdie dag af sal Ek seën.
(Haggai 2:18-19 AFR53)

Tema: Hoe belangrik is die seën van die Here vir jou?

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons almal weet met baie dinge in die lewe werk dit so: Wat jy insit, sal jy uitkry. As jy in die skool hard werk, kan jy verwag om goeie resultate te kry. As jy jou werk goed en pligsgetrou by jou werk doen, kan jy verwag om bevordering of 'n verhoging te kry. Party mense dra nou hierdie idee oor in hulle diens aan die Here. Hulle sê: As jy vir die Here werk, sal Hy jou by uitnemendheid seën. Hy sal vir jou gee net wat jy vra en dit sal goed gaan met jou. Sulke praatjies verrai dat hierdie mense eintlik in 'n kontrak met die Here leef en nie in 'n verhouding nie. Jy moet net iets vir die Here doen, dan sal Hy iets vir jou terugdoen. Maar as 'n mens fyn luister dan sê hierdie mense in werklikheid: As jy iets vir die Here doen, is die Here soort van verplig om iets vir jou te doen.

Is dit hoe ons ook soms oor ons verhouding met die Here dink? Om te toets of jou verhouding met die Here so is, vra jou die volgende af: Jy het regtig alles ingesit om die Here te dien, maar tog het die een ongeluk na die ander jou getref. Hoe voel jy nou? Voel dit vir jou of jy te na gekom is? Of is jy selfs ongelukkig en kwaad omdat jy nie gekry het wat jy gedink het jy verdien nie?

In hierdie derde verkondiging van Haggai leer die Here sy volk oor sy seën. Uit hierdie verkondiging sal ons leer of 'n mens kan werk vir die seën van die Here. Met ander woorde, kan 'n mens dink dat jy die seën van die Here kan verdien? Ons sal ook hoor watter voor-waarde die Here self stel vir die mense aan wie Hy sy seën wil gee.

Broers, susters en kinders, hierdie derde verkondiging van Haggai het plaasgevind op die 18de Desember 520 vC, dit wil sê, so drie maande na die eerste verkondiging. In die eerste verkondiging op die 29ste Augustus het die Here die volk vermaan omdat hulle nie die tempel herbou nie. Toe die oorblyfsel van die volk uit die ballingskap teruggekeer het na die beloofde land het hulle fluks begin om die tempel te herbou. Maar daar het probleme opgeduik wat veroorsaak het dat hulle die werk moes staak. Vir veertien jaar het die tempel maar so 'n bouval gebly. Die volk het in 'n mate daaraan gewoond geraak en intussen besig geraak met hulle eie dinge. Die leiers en die volk het egter die vermaning van die Here ter harte geneem. Drie en twintig dae later het hulle met die werk aan die tempel begin.

Daar het nie vier weke verbygegaan nie toe die Here weer deur sy profeet met die volk gepraat het. Op die 17de Oktober het die Here sy volk aangemoedig. Hulle moet moed skep en werk al lyk dit vir hulleself of hulle nie regtig iets uitgerig kry nie. En nou amper twee maande later kom die derde verkondiging. Hoekom nou?

In hierdie stadium het die volk al blykbaar 'n paar jaar na mekaar slegte oeste gehad. Wanneer hierdie verkondiging kom, het hulle weer hulle wintergraan geplant gehad, maar daar is nog geen waarborg dat hulle hierdie keer 'n goeie oes sal kry nie. Die swartgalliges onder die volk het seker weer met hulle negatiewe praatjies begin. En nou vra die Here ook nog of daar nog saad in die skuur is. Daar is niks saad in die skuur nie, want dit is geplant. Die negatiewe praatjies maak dat ander ook nou begin wonder: Sal dit weer 'n jaar van droogte wees? Sal dit weer 'n geval wees van baie saai en min oes? Die Here verseker sy volk dat Hy hulle sal seën omdat hulle sy wil en sy koninkryk eerste gestel het.

Maar om die tempel nou te herbou is nie genoeg nie. Die Here het nooit 'n mooi gebou begeer nie. Hy het ook nie duisende offers begeer nie. Hy begeer harte wat op Hom gerig is en op Hom vertrou. Hy wil hê dat sy volk Hom sal dien omdat Hy God is en nie omdat

hulle iets van Hom kan kry nie. Sommige van die volk, of miskien die meeste van hulle, het seker gedink as hulle net eers hierdie tempel klaar gebou het, gaan alles sommer weer regkom. Hulle oeste sal weer oorvloedig wees en alles sal goed gaan. Die Here sal hulle seën, want hulle herbou mos die tempel. Maar hulle harte was nog nie reg nie. Met hulle hande het hulle die werk ywerig gedoen, maar die motief was verkeerd. Haggai roep hulle op om aan te hou met die werk, ja, maar ook met die regte gesindheid.

Ons gaan eers luister wat die Here ons leer oor sy seën. In die eerste verkondiging het ons al gehoor dat wanneer 'n mens nie die Here se wil en sy koninkryk eerste stel nie, dissiplineer Hy sy mense. Dit is waarna die Here ook hier in vers 15 tot 17 weer verwys. Die volk moes mooi nadink oor wat het met hulle gebeur toe hulle die Here se huis verwaarloos gelos het en al hulle aandag aan hulle eie sake gegee het. Hulle het frustrasies en teleurstellings gehad. Die gevolge van die plaë en rampe waarmee die Here hulle getref, was nog nie verby nie.

Wanneer 'n mens mooi daarvoor nadink, is die Here se dissiplinering van die mense wat aan Hom behoort ook 'n seën uit sy hand. Ja, dit is waar, in die stadium wanneer 'n mens gedissiplineer word, lyk dit nie na iets waaroor 'n mens bly kan wees nie. Dit is eerder iets waaroor 'n mens wil huil. Maar 'n mens moet eerder huil wanneer die Here jou nie dissiplineer nie. Die mens wat nooit deur die Here getug word nie, is nie 'n ware kind van God nie.

Gelowige ouers dissiplineer hulle kinders op verskillende maniere. Wanneer die kind aanhoudend en duidelik gewaarsku is om met sy stoutigheid op te hou en hy luister nie, kry hy uiteindelik 'n pak slaë. Die Here tug sy kinders ook so. Soms kan 'n mens 'n duidelik verband sien tussen die oortreding wat jy begaan het en die tugging van die Here. Ander kere dissiplineer Hy sy kinders deur aan hulle 'n moeilike opdrag te gee. Deur met vertroue in die Here te volhard met die opdrag word hulle geestelik volwasse. Dan leer hulle lesse wat hulle nodig het in hulle verhouding met die Here – hulle leer om die Here regtig te vertrou en hulleself aan Hom te onderwerp.

In die geval van die oorblyfsel van die volk is hulle deur die Here getug met rampe en plaë omdat hulle nie meer die Here se wil en sy koninkryk eerste gestel het in hulle lewens nie. Vir hulle was die tugging 'n seën, want kyk net die bekering wat daar by hulle gekom het.

Die volk se bekering het daartoe gelei dat hulle hul prioriteite weer reggestel het. Hulle het weer begin met die herbou van die tempel. Alhoewel drie maande al verloop het, sien die volk nog nie resultate. Miskien het sommige gevra: Sal die Here werklik hierdie werk seën? Ons sien nog niks nie.

Die Here gee self die versekering dat Hy hulle sal seën van hierdie dag af. Dit is die dag waarop hulle hierdie derde verkondiging gehoor het. Om die waarheid te sê, die Here sê vir sy volk dat hulle van hierdie dag af moet terugkyk – hulle moenie vergeet hoe dit met hulle gegaan het nie. Maar hulle moet nou die datum van hierdie dag neerskryf, want van hierdie dag af gaan die Here hulle seën. En wanneer hulle later terugkyk, sal hulle sien dat die Here hulle inderdaad van hierdie dag af geseën het.

As daar een ding is waarsonder 'n gelowige nie kan klaarkom nie, is dit die seën van die Here. Jy kan so hard werk as wat jy wil en sulke lang ure werk soos wat jy wil, maar as die Here jou nie seën met al die gawes en middele wat Hy gegee het nie, gaan al jou werk niks help nie. Die volk ken hierdie frustrasie. Hulle het hard gewerk en toe die hoop koring

daar lê, het hulle gereken om twintig mate daaruit te kry, maar daar was net tien mate. Dieselfde teleurstelling het hulle by die parskuip gekry.

Maar wanneer die Here sy seën oor sy mense en die middele wat Hy gee gebied, gebeur die verrassende. Die resultaat van die Here se seën is buite mate groter as die werk wat ingesit is. 'n Duidelike voorbeeld hiervan sien ons by die eerste vermeerdering van die brode. Die dissipels het vir Jesus gesê dat twee honderd mense se dagloon nie genoeg is om al die mense kos te gee nie. Maar wanneer die Vader sy seën gebied oor die vyf brode en twee vissies, kry meer as vyf duisend mense genoeg om te eet en daar bly nog twaalf mandjies vol oorskiet oor.

Verskeie lidmate en tydens verskeie vergaderings word daar opgemerk hoe die Gereformeerde Kerke al kleiner word. Menslik gesproke sal die Gereformeerde Kerke oor 'n paar jaar verdwyn as hierdie tendens aanhou. Die dalende syfers kan ook veroorsaak dat 'n mens na allerhande planne gryp en tegnieke begin gebruik om die kerk weer te laat groei.

Die Here gee egter vir ons in sy Woord die dinge wat gelowiges moet doen. Gelowiges moet eenvoudig die Woord van die Here suiwer verkondig. Mense moet hoor dat Jesus Christus die enigste volkome Verlosser is. Verder moet gelowiges hulle geloof eenvoudig uitleef. Daar waar gelowiges die Here volhardend gehoorsaam, daar gebied die Here sy seën. Daarom moet 'n mens nie sommer enige plan en tegniek gebruik om die werk vir die Here te doen en te dink dat Hy dit sal seën nie. Gehoorsaam eenvoudig die Here.

Dit word gaandeweg duidelik dat 'n mens nie die Here se seën kan verdien nie. 'n Gelowige se gehoorsaamheid aan die Here verplig Hom ook nie om sy seën onmiddellik oor die ge-lowige en sy werk te gebied nie. Aan sy volk het die Here sy seën belowe. Hulle moes gelowig aan die Here en sy belofte vashou en volhard met die werk. Die Here sal sy seën gee wanneer Hy weet dit is die regte tyd.

En dit is gewoonlik ons mense se probleem. Wanneer die Here sy belofte maak om te seën, wil ons dit sommer dadelik sien en hê. Ons moet egter onthou dat die Here se seën nie bedoel is om die lewe van 'n gelowige sorgvry en gemaklik te maak nie. Die Here se seën is, soos al die ander dinge wat die Here aan 'n gelowige gee, bedoel om ten goede mee te werk. En daardie *ten goede* beteken dat die gelowige in sy verhouding met die Here sterker moet word. Die Here laat dus die gelowige die seën sien en ontvang, wanneer die gelowige gereed is om deur die seën in sy verhouding met die Here te groei. En net die Here self weet wanneer dit die regte tyd is.

Die Here het ons geleer van sy seën. Die Here self stel ook voorwaardes vir die mense aan wie Hy sy seën skenk. Om hierdie voorwaardes duidelik te maak, moet Haggai twee vrae aan die priesters stel. Vanuit die wet sal die priesters hierdie vrae maklik kan antwoord. Die eerste vraag is: As jy vleis wat geheilig is aan die Here in 'n sak dra en jy raak met die sak enigiets anders, sal daardie ander voorwerpe ook geheilig word? Die antwoord hierop is duidelik nee. Dit is net die voorwerp waaraan die vleis raak wat geheilig word (Lev 6:27). Die tweede vraag is: As iemand aan 'n lyk geraak het en so onrein geword het, word alles onrein waaraan hy dan ook vat? Die antwoord hierop is 'n duidelike ja (Lev 22:4-6).

Met hierdie twee vrae en antwoorde leer die Here sy volk dat heiligheid nie aansteeklik is nie, maar sondigheid is hoogs aansteeklik. As jy 'n tamatie wat begin sleg word tussen gesonde tamaties sit, gaan die slegte tamatie nie weer regkom nie. Al die gesonde

tamaties gaan besmet word deur die slegte tamatie en op die ou end is al die tamaties waardeloos.

Met mense werk dit ook so. 'n Sondaar word nie heilig deur net tussen gelowiges rond te hang nie. Heiligheid en toewyding aan die Here smeer nie af van een mens op 'n ander een nie. Maar sondigheid is iets anders. Wanneer jy tussen sondaars rondhang, word jy metter-tyd net soos hulle. As sondaar het jy immers in jouself reeds 'n geneigdheid tot sonde, daarom leer jy maklik die verkeerde dinge van ander sondaars aan.

Hoe word 'n mens dan heilig? Dit begin daar waar jy as sondaar erken dat jy voor die Here skuldig is en by Hom smeek dat Hy jou ter wille van Christus sal vergewe. Jy bid so van die Here omdat die Heilige Gees jou oortuig het dat jy net deur Christus verlos kan word. En wanneer die Here jou vergewe en ter wille van Christus as sy kind aanneem, skenk Hy sy Gees aan jou om jou verder op die pad van heiligmaking te lei.

'n Gelowige moet dus goed oplet met wie hy hegte vriendskapsverhoudings het. 'n Verantwoordelike gelowige soek 'n vriend wat nader en getrouer aan die Here lewe as hy self, sodat hy by die vriend kan leer. Met ongelowiges is die gelowige vriendelik omdat hy weet daardie mens is ook na beeld van God geskep en die Here verwag dat jy die ongelowige sal vertel van die Here Jesus wat die ongelowige ook kan verlos.

Die Here pas die antwoorde op die vrae aan die priesters toe op die volk. Hulle was onder die indruk dat die Here hulle sal seën en miskien behoort te seën, want hulle herbou dan die tempel. Die Here sê dit egter duidelik dat alles waaraan hulle raak, onrein word, want hulle harte is onrein. Hulle werk aan die tempel met die verkeerde gesindheid. Hulle herbou die tempel sodat die Here hulle moet seën. In plaas daarvan behoort hulle die tempel te herbou omdat hulle die Here liefhet en Hom wil dien.

'n Mens moet ook nie dink dat jy maar 'n onheilige lewe daagliks kan lewe en wanneer jy met 'n werk van die Here besig is, sal daardie werk vir die Here jou saak nou regmaak met die Here nie. 'n Mens se dienswerk aan die Here kan nie 'n kombes oor 'n onheilige lewe trek sodat die Here dit nie kan sien nie. Die Here word nie verblind deur allerhande mooi gebaartjies nie. Jy kan die Here nie met 'n kulkunsie vang nie. Hy sien dwarsdeur alles wat ons doen. Daarom kan 'n mens nie verwag om die seën van die Here te ontvang net omdat jy met werk vir Hom besig is nie. Hy wil hê dat jou hart, verstand en wil saam met jou hande voluit betrokke sal wees in diens aan Hom. Daarom is dit belangrik dat 'n mens selfondersoek doen oor mens se motief om die Here te dien.

Niemand dien die Here en plaas die Here onder 'n verpligting om nou iets terug te gee vir hom nie. Daarom kan jy nie vir die seën van die Here werk nie. Die Here gebied sy seën oor jou en jou werk wanneer Hy weet dit die regte tyd is. Onthou ook dat die Here se seën nie altyd beteken dat dit vir jou lekker is nie – ook die Here se dissipline is 'n seën vir sy kinders. Mag die Heilige Gees ons lei om onself te reinig van alle verkeerde motiewe, sodat ons die Here kan dien in alle opregtheid. En wanneer Hy ons seën, loof en dank ons Hom, want sy seën is onverdiend en altyd bo alle verwagtings.

Amen!

Slotgebed

Psalm 67:1, 2, 3 (p. 326)

- 1 Wees ons, o HEER, wees ons genadig / en seën ons by owerloed;
U aanskyn, laat dié weer weldadig / ons koester met sy liefdegloed;

dat vir verste volke / deur ontslote wolke / kennislig kan breek;
nasies met verblyding / van die blye tyding / in hul land kan spreek!

2 Die nasies wat U nou nie prys nie, / hul sal U loof, hul almal saam.
Die volk wat U geen dank bewys nie, / sal sing die grootheid van u Naam.
U, hul loflied waardig, / oordeel hul regvaardig, / U wat nasies lei.
Lande vergeleë / juig oor verre seë, / in u goedheid bly.

3 Die aarde het sy vrug gelewer; / ons sal deur U geseënd wees.
U sal ons seën; U, die Gewer, / sal al wat leef, eerbiedig vrees.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 100:2 (p. 494)

2 Die HEER is God, erken dat Hy / 'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees / en skape van sy wei te wees.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
18 Maart 2018